LIGDRAERS VAN GOD

MIDWEEK
Nuusbrief van NG Nelspruit-Suid
013 – 744 1925

Beste Lidmaat en gesin,

TEMA: Waar is jy?
TEKS: Openbaring 4

Ek glo die oudste speletjie in die wêreld is wegkruipertjie. Reeds in Genesis 3 lees ons hoe Adam en Eva vir God wegkruip. God soek hulle en vra: “Waar is julle?”. Deur die eeue vra God steeds hierdie vraag. Dis ‘n baie belangrike vraag. Hy vra vir jou ook: “Waar is jy?”. Hoekom vra Hy die vraag? Wel, ons raak so besig met die dinge van hierdie wêreld met al die uitdagings daaraan

verbonde dat ons soms perspektief verloor. God word maar net soos al die ander dinge net nog iets in ons lewe.

In Openbaring 4 wys God vir ons ‘n deeltjie van ‘n ander realiteit. Hy wys ons iets van Sy Koninkryk. Dit is ‘n realiteit en werklikheid, al kan ons dit nie met die blote oog sien nie. God wil dat ek en jy wat deur Hom verlos is en ‘n nuwe lewe ontvang het, hierdie Koninkryk bekend maak. Dis hoekom Hy vra waar is jy? Soms verdwaal ons in die lewe en vergeet ons dat ons hemelse burgers is wat hierdie Koninkryk op aarde bekend moet maak. God vra vir jou: ”Waar is jy?”.Dink na oor die vraag en vra die Heilige Gees om jou te help om te wees waar God jou wil hê.

Gebed:
Here dankie dat U ‘n werklikheid is. Dankie dat U my opsoek. Ek wil graag wees waar U my wil hê. Amen.

Verdere nadenke:

1. Wat sal jy antwoord op God se vraag: “Waar is jy?”
2. Is jy nie dalk te besig met die dinge van die wêreld, dat jy God op die agtergrond skuif nie?
3. Watter aanpassings moet jy maak om in te skakel by God se plan?
4. Gesels / Dink na oor die Koninkryk van God.
5. Hoe voel jy as jy Openbaring 4 lees?
6. Watter verskil maak Openbaring 4 in jou lewe?
7. Op watter wyse kan jy die Koninkryk uitleef?

Vir volledige video boodskap oor die tema, **klik hier.**

Knie-aksie

Bid asb vir lidmate wat ongesteld is, herstel na operasies of tans in die hospitaal is:

Ria Fourie
André Janse van Rensburg
Veronica Neethling
Carlien Nieuwoudt
Janet Starbuck
Lientjie Steyn
Angela Van Rooyen
Jo Viljoen
Elgar Hanekom
Elsabie Verwey

Medelye word betoon met:

Denise Nel en familie na die heengaan van haar eggenoot André.

Tinus Prinsloo en familie na die heengaan van sy eggenote Sonnia.

Die familie van Johan Prinsloo na sy heengaan.

Die Bybelstudie is beskikbaar op YouTube, **Klik hier vir video**.

Verjaarsdae 75jaar en ouer
Baie geluk aan...

Aprilmaand

28ste - Marthie Lombard

29ste - Arra Delport

Huweliksherdenkings

Aprilmaand

29ste Ollie en Francie Jorgensen - 58jr

Baie Geluk!

Donderdag 24 April	10:00 Rubicon Bybelstudie Ds Louis Pienaar 0821 878 1743 18:00 PHOS Tieners Ds Gerrit Vosloo 071 859 5175
Vrydag 25 April	11:00 Roudiens van wyle André Nel in die kerk
Sondag 28 April	08:30 Erediens, Kleuter- en Kinderkerk asook Jeugdiens 18:00 Koinonia byeenkoms in die konsistorie Chris Mostert 082 555 1946
Maandag 29 April	10:00 Bateleur Bybelstudie Dr Jean Strydom 083 572 4886
Dinsdag 30 April	10:00 Naomigroep in die Koinonia Susan Van Huyssteen 084 964 2847 18:00 Mannegroep in die lapa Ds Louis Pienaar 082 878 1743 18:00 Jong Werkendes Lisa Struwig 073 884 8060
Woensdag 1 Mei *Openbare Vakansiedag*	06:00 Broodbreek in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925

Pinkster 12 – 15 Mei 2024

Is die kerk gesond?

Uitnodiging:

Ds Anandie Greyling gaan ons tydens Pinkster begelei om na te dink oor hoe die Heilige Gees die kerk roep tot genesing en beweging.

Sondagoggend: **Die afspraak en voorskrif**
Sondagaand: **Die dieet en oefening**
Maandagaand: **Die rusdae**
Dinsdagaand: **Die Afrigter en klub**
Woensdagaand: **Die speelveld**

NG Kerk
Nelspruit Suid

SPCA UITREIK

Indien jy wil bydra, laai asseblief die items by die kerkkantoor af of plaas dit in die hout boks in die kerk.

PINKSTER:
12 tot 15 Mei

Ons benodig asb sop en broodjies.

Indien jy kan help – skakel asb vir

Ria Nel by 072 808 9981

Lidmate wat by dienste lewer:

Mediese Laserkliniek : Skakel Diana Foster by 083 459 5282 vir letsels, geboorte- en rekmer sonvlekke, haarverwydering, spatare, verjongingsbehandleling, afskilfering, ens.

Nutsman: Skakel Danie Coetzee by 072 733 1787.

Verkoop of koop van u eiendom: Skakel Miemie Ferreira by 0834682058

Verskaf en vervang rou riempies: Skakel Dewald 082 680 5806.

Glasfit. Alle motor en huis glas, Windskerm-*chip repairs*, *Motor Smash and Grab* tint, Huis Tint, Xpanda sekuriteits produkte, alle motor rubbers en *clips*. Sekelbos en Hardekool braaihout Skakel Henri 082 551 7779.

Windskerms & Ruite: Vervang en herstel. Skakel Maritha Snyman by 084 589 0620

Algemene Instandhouding en Onderhoud : Skakel Hennie Venter by 082 927 3638

Shekaina Design & Landscaping: Skakel Hennie Venter by 082 927 3638.

Lost Trail Gastehuis: Skakel Annelize by 082 462 5548

CM on the go Accounting and HR Services: Payroll, boekhouding, CIPC, persoonlike- en besigheidsbelasting, ens. Skakel Charmain Mitchell 082 493 3557

ITNS: Rekenaar herstelwerk, harde- & sagteware, opgraderings, network ontwerp, hoofrekenaar installering en onderhoud, virus verwydering, ens. Skakel vir Pieter Van Den Berg by 0824509452

GoFocus Learning Centre: Remediërende hulp aan leerders met disleksie, ADD, ADHD. Lees begrip, spelling, handskrif ens. Ontwikkel deur disleksie spesialis. Kontak Freda Grobler by 0824151508

Tyres & More: Bande, nitrogen, remme, skokbrekers, batterye, diens van voertuie uit waarborg suspensie parte ens. H/v Emnotweni & Madiba Rylaan. Kontak vir Charles Bodemer by 013 752 4388

SUID Onderlinge Sorg

Mag u ‘n Geseënde week beleef!

Vriendelike groete,
Jean, Louis en Gerrit